

Sing vooraf staande: Psalm 33:3 (p. 158)

- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 4, 15 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.
- 15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 119:57 (p. 597)

- 57 'k Het gesien die trouelose – / en gesmaak hoe hul U smaad,
maar dit wek in my 'n walging / dat hul, HEER, u woord verlaat.
Merk tog hoe dat u bevele / soetste spys is van my gees;
maak my lewend na die woorde / wat vir ewig waar sal wees.

Skriflesing: 1 Johannes 5

Teks: 1 Johannes 5:6b; Kategismus Sondag 20

Die Gees is die Getuie daarvan, en die Gees is die waarheid.

(1 Johannes 5:6b AFR53)

Dit is waar dat daar dinge in ons geloof is wat ons nie kan bewys nie, want ons het nie hierdie dinge in ons mag nie, maar ons glo dit.

- So het die ongelowiges altyd die argument dat ons nie kan bewys dat God bestaan nie.
- Ons kan ook nie bewys dat ons na ons dood liggaamlik gaan opstaan nie.
- Ons kan ook nie bewys waar die hemel is of waar die hel is, en waarheen die mense wat reeds dood is, gegaan het nie.

Gebrek aan laboratoriumbewyse beteken nie dat God nie bestaan nie, en dat ons nie liggaamlik uit die dood sal opstaan nie, want die Gees van God getuig daarvan. Dit is waar ons en die ongelowiges mekaar verloor:

- Die Heilige Gees openbaar nie aan almal al die dinge wat die verlossing van die mens raak nie.
- Paulus skryf byvoorbeeld dat die prediking net krag het vir die wat daarvoor ryp is (1 Korintiërs 2:6).

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

1. **Wat getuig die Heilige Gees?**
2. **Waar en aan wie getuig Hy?**
3. **Wat is die doel van sy getuienis?**

1. **Wat getuig die Heilige Gees?**

Die Heilige Gees bring ons tot geloof. In sy werk om mense te bekeer maak Hy dikwels van buitengewone kragte gebruik, soos op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is:

- Die apostels het in ander tale as die wat hulle gewoonlik kon praat, die evangelie verkondig.
- Die inhoud van wat hulle sê, is altyd die evangelie van die Here Jesus Christus en niks anders as Jesus Christus die gekruisigde nie.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, is dit duidelik dat God openbaar dat die werk wat die Heilige Gees doen, werk is wat Hy self doen.

- Dit is waarom daar geskryf staan dat iemand wat die Seun verwerp, God tot leuenaar maak. Dit, terwyl die Heilige Gees ons leer wie Jesus Christus is.
- Daar was natuurlik van die begin af mense wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle die Heilige Gees het, en dan onder hierdie voorwendsel allerhande dwaalleer verkondig het.

Dit laat ons die vraag vra: Hoe kan ons onderskei of mense werklik deur die Heilige Gees besiel is of nie? Die Here gee ons 'n baie duidelike antwoord:

Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; (1 Johannes 4:1-2 AFR53)

Geliefdes, moenie enige een glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is reeds baie valse profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen: ondersoek of sy gees van God afkomstig is. Hieraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. (1 Johannes 4:1, 2 AFR83)

In die werk van die Heilige Gees gaan dit dus oor geloof in Jesus Christus. Ons kry dit presies ook so in die gedeelte wat ons saam gelees het. Vers 1-5 begin en eindig met 'n verwysing na geloof.

- In vers 1 sê die Here: Glo dat Jesus die Christus is,
- en in vers 5: Glo dat Jesus die Seun van God is.
- Die Heilige Gees is baie skerp op mense wat nie hierdie openbaring wil aanvaar nie. Die Heilige Gees leer reguit dat iemand wat nie erken dat Jesus die Christus is nie, 'n leuenaar en 'n antichris is en dat so 'n mens ook nie God die Vader ken nie (1 Johannes 2:22, 23).

Die Heilige Gees lei en leer ons om ons geloof in Jesus Christus te bely. Geloof en belydenis is twee dinge wat onlosmaaklik aan mekaar vasgemaak is.

- Bely is om uiting te gee aan geloof, en geloof moet lei tot belydenis.
- Die twee dinge moet altyd saamloop (vgl. Romeine 10:10).

want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. (Romeine 10:10 AFR53)

- Die verskil tussen geloof en belydenis is dat ons met ons belydenis hoofsaaklik teenoor die wêreld optree en met geloof teenoor God.

As jy gemeenskap met Jesus loën, verloën jy ook gemeenskap met God die Vader en bring jy dadelik jou gemeenskap met die Heilige Gees in gedrang, want dis op sy getuïenis dat jy God en Christus ken, en ook gemeenskap met God kan beoefen. Alleen dan kan jy die ewige lewe ingaan (1 Johannes 5:12).

2. Waar en aan wie getuig die Heilige Gees?

Sonder vernuwing deur die Heilige Gees is ons deel van die ewige doderyk. Dan mis ons die ware geloof.

- Johannes lê klem daarop dat God sy kinders vernuut en herskep sodat hulle Hom en mekaar kan liefhê.
- In sy aansporing om lief te hê vat hy al die gebooie saam onder die liefdesgebod.
- Dit is waarom daar 'n hele paar verwysings is dat as jy nie kan liefhê nie, jy nog steeds in die dood is (vgl. 1 Johannes 3:14).

Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.
(1 Johannes 3:14 AFR53)

- Hierdie vernuwing en wedergeboorte word deur die Heilige Gees in elke gelowige bewerk (vgl. 1 Johannes 2:3; 3:23).

Om die erns van hierdie saak vir die gelowiges te beklemtoon, herhaal die Heilige Gees die saak (v. 3).

- Ons hele lewe moet betrek wees in ons gehoorsaamheid aan die Here.
- Ons moet al die gebooie van die Here gehoorsaam.
- Die Here beklemtoon dat dit vir die mense wat 'n sterk liefdesband met die Here het, nie moeilik is om die gebooie van die Here te gehoorsaam nie (vgl. Matteus 11:28-30; Psalm 119:47, 93; Romeine 7:22).

Die nuwe Afrikaanse vertaling praat in vers 4 van ... **enige een wat 'n kind van God is ...** Letterlik staan daar ... **elkeen wat uit God gebore is ...**

- Dit is jammer dat dit verlore geraak het in die jongste Afrikaanse vertaling, want die woorde ... **die wat uit God gebore is** beteken ook *wedergebore wees*.
- Dit beskryf die voortdurende proses waarin ons die kwaad oorwin en meer en meer aan die Here behoort.

Wanneer dit gebeur, word dit vir ons makliker om die gebooie van die Here te onderhou.

- Daarom is Johannes se boodskap aan die gelowiges dat wanneer daar ware geloof in ons harte is, ons uit God gebore is, en met daardie geloof oorwin ons die wêreld.
- Dit beteken ook dat dit 'n proses is waarin ons alle bese kragte en geeste verslaan, al is hulle hoe talryk en woedend.

Die boek Openbaring beskryf die toekomspektief van hierdie saak aan ons.

- Die Here laat Johannes die honderd vier en veertig duisend gelowiges sien wat saam met Jesus op die berg Sion staan.
- Dié mense is almal oorwinnaars saam met Jesus Christus. Daar in die hiernamaals maak hulle musiek en sing 'n nuwe lied voor die troon van die Here (vgl. Openbaring 14:1-5).

Die geloof in die Here Jesus Christus is dus 'n krag wat in ons werk, en wat ons laat voortgaan deur die tyd totdat ons aan die einde van die tyd die oorwinning in Jesus Christus behaal.

- *Dit is logies dat wanneer hierdie geloof agteruitgaan, dit sy krag gaan verloor en inderdaad ook die stryd teen die satan verloor.*
- Daarom wys die Heilige Gees ons herhaaldelik in hierdie gedeelte op die groot krag van die geloof. Die oorwinning van die gelowiges is sodanig dat hulle met God as konings heers oor die ganse heelal (vgl. Openbaring 1:6; 5:10).
- Dikwels word van hierdie oorwinning in ons gelowiges se lewens min gesien omdat ons geloof baie keer klein is (vgl. Matteus 17:20; 21:21, 22; Johannes 14:12).
 - Maar dit is juis die rede waarom die Heilige Gees ons troos en vermaan, sodat ons tot bekering kan kom, en daar van geloofsoorwinning meer in ons lewens gesien kan word.

Hoe kan ons kom op die punt waar ons hierdie oorwinnende geloof in Jesus Christus het? Wie of wat leer ons om Jesus Christus as waaragtige mens en as waaragtige God te aanbid?

- Johannes se antwoord is dat geloof berus op getuienis. Mense glo wat hulle hoor. Maar ons kan nie sommer enige iets glo wat ons hoor nie, daarom moet die geldigheid van getuienis beoordeel word.
- Vers 6-9 beskryf die geldigheid en die aard van die getuienis rondom Jesus Christus. Daar is drie getuies wat getuig oor die inhoud van Jesus se sending op die aarde. Die drie getuies is water, bloed en die Heilige Gees. Water en bloed is 'n kombinasie wat reeds uit die Ou Testament uit kom.

Tydens sommige van die Levitiese rituele is die offerbloed met water gemeng en oor die volk gesprinkel.

- Die bloed is die simbool van regverdigmaking en die water is die simbool van heiligmaking. Jesus maak ons regverdig en heilig.
- Natuurlik verwys water na Jesus se doop waar Hy deur God bevestig is en verklaar is as die Messias.
 - Tydens hierdie geleentheid het die Heilige Gees soos 'n duif op Hom neergedaal.
 - Die bloed verwys na die kruis waar Jesus hierdie verlossing volbring het.
 - Die taak van die Messias was om sy volk te verlos van hulle sondes. Die water en die bloed verwys al twee daarna:
 - die een na die begin van die Messias se openbare optrede
 - en die ander een na die voltooiing daarvan.
- Die derde Getuie is die Heilige Gees. Toe Jesus nog saam met die dissipels op die aarde was, het Hy al die saak duidelik gemaak.
 - Hy het vir hulle gesê dat Hy vir hulle 'n Voorspraak van die Vader af sal stuur.
 - Die Voorspraak sal die Gees van die waarheid wees.
 - Hy sal van die Vader uitgaan en Hy sal vir hulle van Jesus Christus getuig.
 - Hy sal die gelowiges in die hele waarheid lei (Johannes 15:26; 16:13).
 - Hy sal die gelowiges ook so lei dat hulle dwaalleer en die waarheid van mekaar sal kan onderskei (1 Johannes 4:6).

Wat getuig die Heilige Gees van Jesus Christus?

- Hy getuig dat Jesus die weg en die waarheid en die lewe is. Daar is geen manier hoe mens in die hemel kan kom nie, behalwe deur Jesus Christus (Johannes 14:6).
- Die Heilige Gees doen meer met en vir ons as net om ons te laat glo dat Jesus die God en Here is wat ons verlos.
- Hy gee ook verskillende genadegawes aan ons. Hy gee aan ons gawes soos kennis en wysheid, en die vermoë om wonders te doen en om God se boodskap te verkondig (1 Korintiërs 12:3vv).
- Die Here leer ons dat ons net sy gebooie kan onderhou wanneer Hy in ons bly. Hy voeg dan by dat ons 'n manier het om te weet of Hy in ons bly: Dit is dat Hy sy Gees aan ons gegee het (1 Johannes 3:24; 4:12, 13; 2:20, 27).

3. Wat is die doel van sy getuienis?

Die doel van die Heilige Gees se getuienis is om ons te laat glo, en om ons reg te laat lewe.

- Daar is duidelike voorbeelde van mense wat voorgegee het dat hulle glo, maar hulle geloof was alles behalwe eerlik. 'n Voorbeeld is die mense wat Jesus verhoor het.
- Die Bybel vertel hoe hulle getuienis verdraaid was en nie ooreengestem het nie – terwyl hulle voorgegee het dat hulle alles doen en sê in die Here se Naam (Markus 14:56, 59). Dit is presies hoe ons nie moet wees nie.

Die Heilige Gees wil hê dat ons eerlike en ware getuies van Jesus moet wees.

- Ongeloof maak 'n mens egoïsties, terwyl die geloof in Jesus Christus ons van God afhanklik maak, en ons na ons medemens toe laat uitreik.
- Die Heilige Gees lei die ware gelowige dat hy met al hoe meer blydschap in Christus lewe.
- Die Heilige Gees wil ook hê dat ons geloof rotsvas moet wees.

Daar moet nie by ons twyfel wees oor ons geloof en oor Jesus Christus wat mens was en gely het en wat God is en vir ons die dood oorwin het nie.

- Hy wys ons daarop dat die Here die volk Israel in die Ou Testament al geleer het dat getuienis oor 'n saak vasstaan as daar twee of drie mense is wat dit gesien het en wat instaan vir die saak (Deuteronomium 19:15).
- Johannes onthou dat toe Jesus gelewe het, Hy self ook daarna verwys het en toe bygevoeg het dat Hyself en die Vader oor Hom getuig (Johannes 8:17, 18). Daarom móét die dissipels in Hom glo.
- In die gedeelte wat ons saam gelees het, verwys die Here ook daarna, en wys ons daarop dat ons mense se getuienis aanvaar. Daarom moet ons die getuienis van die Heilige Gees soveel te meer aanvaar omdat dit God self is wat getuig (v. 9).
- *As ons dit nie doen nie, waarsku die Here, maak ons God tot leuenaar (v. 10), en dan het ons groot probleme, want dit is sonde teen die Heilige Gees. Die Here leer ons dat dit die een sonde is wat Hy nie vergewe nie – nie in hierdie lewe nie en ook nie in die toekomstige nie.*

Die bedoeling van die Heilige Gees is glad nie om ons te dreig nie. Hy wil ons troos. Hy wil hê ons moet vas en seker weet van ons verlossing. En dan wil Hy daarby hê dat ons ons lewens daarvolgens moet inkleef.

- Die Here stuur nie in die eerste plek mense of duiwels of die natuur om ons van sy genade en van vergewing van sondes en van die ewige lewe te leer nie.
- Hy stuur sy Heilige Gees. Die Here laat ons in 'n tyd lewe waar daar swaar aanslae op die gelowiges gemaak word.

Geloof word in ons huidige samelewing vervlak tot 'n gewone kultuurverskynsel waar enige een maar kan glo soos hy wil.

- Die moderne siening is dat niemand ook enige iemand anders se geloof mag teëstaan of verwerp nie.
- Afgodsdienste en alle heidense gelowe word ook wetlik op een vlak geplaas met die aanbedding van die ware God. Dit veroorsaak swaar spanning by ons.

In hierdie tyd moet ons beseef dat die Heilige Gees direk by ons is.

- Hy dra ons deur sulke aanvegtinge.
- Die Heilige Gees lei ons met sy getuienis om die wêreld te oorwin. Sy getuienis staan duidelik in vers 11 en 12 geskryf:

En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. (1 Johannes 5:11-12 AFR53)

En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het ook nie die lewe nie. Die Gees is die Getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. (1 Johannes 5:11-12 AFR83)

Kom ons lees Kategismus Sondag 20 saam.

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).

(a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16; 1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22 ; Ef 1:13. (c) Gal 3:14; 1 Pet 1:2; 1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16; 1 Pet 4:14.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:7 (24:7)

- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy belof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriedag van God, wat kom.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: Gereformeerde Kerk Bellville 7 November 2004
Datum: Clanwilliam 1 Julie 2012

Teksverwysings

Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar 'n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie. (1 Korinthiërs 2:6 AFR53)

Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie. (1 Johannes 2:22, 23)

Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. (1 Johannes 5:12 AFR53)

EN hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. (1 Johannes 2:3 AFR53)

En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. (1 Johannes 3:23 AFR53)

Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. (1 Johannes 5:3 AFR53)

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig. (Matteus 11:28-30 AFR53)

En ek wil my verlustig in u gebooie wat ek liefhet, (Psalms 119:47 AFR53)

Ek sal u bevele tot in ewigheid nie vergeet nie, want deur hulle het U my lewend gemaak. (Psalms 119:93 AFR53)

Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; (Romeine 7:22 AFR53)

En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitiespelers wat speel op hulle sities. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eersteling vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. (Openbaring 14:1-5 AFR53)

en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (Openbaring 1:6 AFR53)

en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. (Openbaring 5:10 AFR53)

En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mostersaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie. (Matteus 17:20 AFR53)

Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see — sal dit gebeur. En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo. (Matteus 21:21, 22 AFR53)

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. (Johannes 14:12 AFR53)

Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. (Johannes 15:26 AFR53)

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13 AFR53)

Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling. (1 Johannes 4:6 AFR53)

Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR53)

Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees. Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. (1 Korintiërs 12:3-6)

En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het. (1 Johannes 3:24 AFR53)

Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. (1 Johannes 4:12, 13 AFR53)

En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. (1 Johannes 2:20 AFR53)

En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly. (1 Johannes 2:27 AFR53)

want baie het vals teen Hom getuig en die getuienisse was nie eenders nie. ... En selfs so was hulle getuienis nie eenders nie. (Markus 14:56, 59)

Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees. (Deuteronomium 19:15 AFR53)

En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is. Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My. (Johannes 8:17, 18 AFR53)